Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

14 JULIE 2019

# GEMEENTEBULLETIN

**OGGENDDIENS en GESINSDIENS**

Dis Koninkrykstyd!

Lukas 13:18-21 en 31-35

**JEUGDIENS**

*Couch tuner*

**DEURKOLLEKTE**

Instituut vir Blindes

## EREDIENSTE

| | | | 14 Julie | | 21 Julie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Duvenhage | 4 | Ds. Duvenhage | 4 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Potgieter | 6 | Ds. Potgieter | 6 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Geen diens | - | Ds. Dietmann | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Ackerman | - | Ds. Ackerman | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Potgieter | 11 | Ds. Duvenhage | 11 |

## GESPREK SAAM MET DR. BRAAM HANEKOM

**Dinsdag 16 Julie om 19:00 in die kleinsaal**

Tema: Hoekom en hoe getuig ons?

Daar word dikwels gesê dat ons kerk in die moeilikheid is as dit kom by ons getuienistaak. Ons weet ons moet missionêre ywer hê en ons daadwerklike getuienis (konkrete aksies) het dramaties gegroei, maar hoe getuig ons ook met die WOORD oor die Evangelie van Jesus Christus? Het ons nog enigsens die vrymoedigheid om dit te doen?

Wat is die aard en inhoud van ons getuienis?

Toegang is gratis. Bespreek net jou plek by Danelle, spg@kaapkerk.co.za of 021 957 7202.

## NUWE INTREKKERS

Die geleentheid vir nuwe intrekkers wat geskeduleer was vir Sondag 21 Julie moet ongelukkig verskuif. Hou asb. die bulletin dop vir verdere kennisgewing.

# ONS LUISTER NA GOD



## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste.
- JEUGDIENS 18:00 tot 18:50. Kwartaaltema: Relevant
- SENIOR KLEINGROEPE: Na die jeugdiens, 19:00 tot 19:30
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondae vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- RELEVANT: Dis vir jong volwassenes. Ons luister na 15 min. aanbiedings en gesels dan saam oor die onderwerp. Wyn en bier word ook bedien. Woensdagaande 19:00 in die jeuglokaal.
- *MATRIC MOVEMENT:* Alle matrieks word uitgenooi om by die *Matric Movement* Sondagaande om 19:00 in die kafeteria aan te sluit. Bring jou vriende. Dis slegs vir matrieks.
- JEUG-TOEP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". Laai die toepassing op jou foon af.

## LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil lees, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoon-nommer na Sanèl by 083 611 4720. Geen groepbesprekings/ gemorspos word gestuur nie.

## VATVYF-UITSTAPPIE

Ons besoek die Vredenheim Wildlife and Winery op 17 Julie. Die bus vertrek om 08:30 vanaf die kerk. Ons gaan botterbroodjies, tee en koffie by die Hudson's Restaurant op die plaas geniet, waarna ons 'n toer deur die grootkatte-park sal onderneem. Koste R60 per persoon. Daar is plek vir 24 mense. Bespreek asb. jou plek by Karin Barter by 021 976 4519, voor of op 16 Julie.

## HUWELIKSKURSUS

NG Kerk Durbanville bied 'n huwelikskursus aan op Woensdagaande vanaf 7 Augustus tot 4 September. Bespreek jou plek (gratis) by ontvangs@durbanvillegemeente.co.za.

### KATEGESE KLEINGROEPE

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2 en 3: Grootsaal

Graad 4: Bovertrek

Graad 5 en 6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Kerk

Graad 9: Bovertrek

Graad 10: Grootsaal

Graad 11: Kleinsaal

### GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

## GEMEENTEKAMP

Die gewilde gemeentekamp sal weer vanaf 29 Nov. tot 1 Des. by die *Guano Cave Resort,* Montagu, aangebied word. Bespreek jou staanplek by die kampeerterrein en dui asseblief aan dat jy deel van Stellenberg-gemeente se blokbespreking is. Kontak-besonderhede: 084 553 4187 of www. montaguguanocave.co.za. Inligting rakende kampeertariewe asook ander akkommodasie is op die webwerf uiteengesit.

## VERNUWING VAN LITURGIESE RUIMTE

Die kerkraad het besluit om die liturgiese ruimte (die area voor en rondom die preekstoel) meer prakties en veeldoelig in te rig. Verskeie argitekontwerpe is oorweeg. Vir kostebesparing behartig die gemeente se nutsman, 'n ervare skrynwerker, die meeste van die werk self onder toesig van die argitek en 'n bouer. Die projek word in fases aangepak, waarvan die eerste is om die klankkaste op die rand van die liturgiese ruimte te verwyder, die klankkabels te herlei en om die kansel te verwyder.

## ONTVANG GEMEENTENUUS ELEKTRONIES

Indien jy die Gemeentebulletin (weekliks) en die Samaritaan en Stellenberger (maandeliks) wil ontvang, stuur asb. 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za sodat jou e-posadres op die verspreidingslys geplaas kan word.

## VROUE-WEGBREEK

Teken die datum vir ons vroue-wegbreek vanaf 9 tot 11 Augustus by !Khwa Ttu, naby Yzerfontein, in jou dagboek aan. Koste: R550 per persoon. Besprekings en betalings by die kerkkantoor, karin@stellenberg.co.za. Volledige inligting sal volg.

## RETRAITE VIR MANNE 30 AUG - 1 SEPT

**Wortelgat 30 Aug. tot 1 Sept.:** Die datum vir die retraite is verskuif, omdat die aanvanklike datum in Mei met Moedersdag gebots het. Bespreek by Lindy: lindy@stellenberg.co.za. Navrae: Retief Ueckerman 082 498 3448, of Callie Visagie 072 385 4368.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Geen Bybelstudie op 18 Julie nie.

### BREIGROEP

Ons ontmoet weer op Maandag 5 Augustus om 09:30 in die kafeteria. Bring jou brei- en hekelwerk saam. Nuwe lede is baie welkom.

### PREKE OP DIE WEB

Jy kan nou preke van die web aflaai (download) en hoef nie meer aanlyn daar-na te luister nie. Besoek gerus www.stellenberg.co.za en gaan na: luister na preke.

### EDELWEISS ACVV DIENSTAK

SNOEKBRAAI
19 Julie
Vars Weskussnoek, patat, tuisgebakte brood en korrelkonfyt @ R60. Kaartjies is by Edelweiss se ontvangs beskikbaar.

## STELLENBERG FINANSIES

Die gemeente se werksaamhede is afhanklik van finansiële bydraes deur lidmate en ons vertrou dat alle lidmate bereid is om ook op ’n finansiële wyse by te dra tot die gemeente se visie en bedienings.

Jy kan jou bydrae maandeliks op die volgende wyse gee:

- **Debietorder:** Vra die vorm by die kerkkantoor aan, of stuur ’n e-pos aan navrae@stellenberg.co.za, of laai dit van www.stellenberg.co.za af.
- **EFT-betaling:** Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.
- **SnapScan:** Laai die toep op jou slimfoon af en volg die maklike instruksies. Gebruik die gemeente se skanderingskode om die betaling te maak.
- **Bankkollekte:** Gee jou bydrae tydens eredienste met die opneem van kollekte.

## RAAK BETROKKE

- **Kafeteria:** Diensspanne is ongeveer twee keer per kwartaal vanaf 09:30 tot 11:00 aan diens. Jy hoef nie skottelgoed te was nie. Kontak Lindy: lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519.
- **Teetuin:** Gratis tee en koffie word op ’n selfhelpbasis bedien, maar geen eetgoed nie. Kontak Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519 om hulp aan te bied.
- **Sekuriteit:** Indien jy bereid is om op aflosbasis behulpsaam te wees met die oppas van motors tydens eredienste, kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519.
- **Omgeekombuis:** Lidmate wat bereid is om een Donderdagoggend per maand in die grootsaalkombuis kos te kook vir mense in nood, kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeids-terapeute, asook ’n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### SNAPSCAN SKANDERINGSKODE